



R.E. VAN DER ROSS. *The rise and decline of apartheid: a study of political movements among the coloured people of South Africa, 1800-1985*. Tafelberg: Kaapstad, 1986. 416 pp. Geïll. Prys onvermeld.
ISBN 0 624 02426 1.

Met hierdie boek het prof. Richard van der Ross 'n langgekoesterde ideaal vervul. Die navorsing daarvoor en die skryf daarvan het oor 'n tydperk van twintig jaar geskied en afgesien van dokumentêre inligting is ook op eie ervaringe sedert die vroeë 1940's staatgemaak.

Die negentien hoofstukke kan in drie verdeel word: hoofstuk een tot tien handel oor die opkoms van apartheid en reaksie vanuit die kleurling-gemeenskappe, soos die stigting van die Afrikaner League in 1883. Veral die bespreking oor die groei van groepsidentiteit ter verkryging van politieke regte in kleurling-geledere bring verfrissende nuwe interpretasies.

Hoofstuk elf tot agtien ontleed die tydvak ná die Tweede Wêreldoorlog. Persoonlike gewaarwordinge word geïntegreer met inligting uit koerante en ander bronne en klem word gelê op die organisering binne kleurling-politiek om die ontneming van politieke regte deur afsonderlike ontwikkeling teen te staan. Die onsensitiewe hantering van die aparte kieserslys word as die hoofoorsaak van die hedendaagse wantroue en gebrek aan samewerking tussen die blanke regering en die kleurling-gemeenskappe geïdentifiseer.

Van der Ross se eie standpunte oor redes vir die mislukking van die apartheidsbeleid vorm hoofsaaklik die inhoud van hoofstuk negentien en die epiloog. Hy skets hierin ook sy scenario van 'n moontlike nuwe politieke bestel in Suid-Afrika. Insiggewend is sy bewering dat 'n oplossing vir die politieke skaakmatsituasie in die hande lê van gematigde kleurlinge wat saam met gematigdes uit ander gemeenskappe die toekoms deur onderhandeling sal bepaal. So 'n oplossing sal gegrond wees op '... an economy based on social and market principles, an economy that is basically capitalist in that it allows private ownership, but with a strong and explicit social responsibility'. Die siening weerspieël die gematigdheid waarmee die skrywer die sensitiewe aspekte in die Suid-Afrikaanse maatskaplike, politieke en ekonomiese konteks hanteer.

Die skrywer analiseer nie net vanaf 'n afstand nie, maar ook as 'n betrokkene by die politieke proses. Alhoewel hy lid is van 'n gemeenskap wat aan die ontvangkant van verskeie politieke eksperimente is (was)?, gee hy blywende nuwe insigte. Hierdie werk is 'n moet vir enigeen wat in die Suid-Afrikaanse geskiedenis belangstel. Soos Hermann Giliomee tereg in die voorwoord opmerk: 'This study belongs to that rare category of books that can fundamentally change people's views of political realities, past and present.'

*N.J. JOOSTE*
*Universiteit van Fort Hare*